

HOOFSTUK I.HISTORIESE OORSIG.I. DIE VOEDINGSTOESTAND VAN DIE BLANKES IN
TRANSCVAAL TUSSEN 1900 EN 1914.A. Algemeen.

Aangesien daar so 'n noue verband tussen die voedingstoestand van die volwassene en die skoolkind is, is dit vir ons nodig om eers die toestand waarin die volwassene hom bevind het te ondersoek voordat ons stilstaan by die skoolkind.

Wan- of ondervoeding, by die blanke bevolking van Transvaal, het alreeds in die jare 1899 - 1902(1) die omvang van 'n probleem aangeneem. Sommige navorsers gaan egter verder en voer dit sover terug as 1892. (2) Volgens hierdie navorsers was die voedingstoestand van die blankes in Transvaal baie swak as gevolg van werkloosheid wat geheers het nadat die spoorwegwerkery tussen Pretoria en Kaapstad en tussen Pretoria en Delagoabaai voltooi is. As gevolg van grootskaalse werkloosheid het die mense hulle in toestande van algehele armoede bevind, wat noodwendig ook gebrek aan voldoende voedsel in die hand gewerk het.

Die gevolge van die Anglo- Boereoorlog het hierdie periode van gebrek steeds vererger (3) en die voedselnood het in sommige streke mettertyd groter afmetings aangeneem.

Dit was dan ook slegs vier jaar (4) na die

(1) De Kock, M.H., Economic History of South Africa, 23.

(2) Murray, W.A., Health Factors, 1.

(3) Ibid., 1.

(4) Ibid., 1.

oorlog (1906) dat die swak-toestand waarin 'n gedeelte van die Transvaalse blankes hulle bevind het, onder die aandag van die Regering gekom het. 'n Kommissie van ondersoek is dadelik benoem om ondersoek in te stel na die voedingstoestand van die volwassenes, sowel as die kinders van Transvaal.

Die kommissie van ondersoek se bevinding was dat die voedingstoestand van 'n gedeelte van die bevolking uiters swak was. Waar wan- of ondervoeding aangetref is, was die oorsake toe te skrywe aan die volgende:-

die gevolge van die oorlog, runderpes en in sommige gevalle luiheid en onmatigheid. Dit is tydens dieselfde ondersoek ook bevind dat daar 'n ernstige behoefte aan voorligting by volwassenes ten opsigte van voeding en huishouding was. Die kommissie het bevind dat hierdie mense geleer moes word om 'n beter gehalte voedsel te koop of te produseer, en 'n beter manier van voorbereiding van voedsel moes aangeleer word. (1)

In 'n vollediger ondersoek, waarvan in 1908 verslag gedoen is, was dit duidelik dat die ernstigste gevalle van ondervoeding op die platteland aangetref is. Hierdie kommissie van ondersoek, wat onder voorsitterskap van die heer J.W. Quinn gestaan het, het hom onder andere soos volg uitgelaat:-(2)

„Dis onnodig om uit te wei oor die nadelige invloed op hulle gesondheid van die ongereelde en dikwels ongesonde toestand waarin plaaskinders lewe.

(1) Murray, W.A., Health Factors, 1.

(2) Report of Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, 57.

Dr. Dunn, distriksgeneesheer van die distrik Piet-Retief, wat ons baie en waardevolle inligting omtrent hierdie en ander sake gegee het, het daarop gewys hoe die onvoldoende, sleg gekose en eentonige kos die liggaamsgesteldheid en die geeskrag van 'n groot deel van die bevolking ondermyn, sodat kinders nie dieselfde opgewektheid vir sport het".

In dieselfde rapport word gemeld dat die meeste mindergegoede plattelanders as gevolg van onwetenskaplike en outydse boerderymetodes, nie in staat was om genoeg voedsel te produseer nie en moes derhalwe van minderwaardige ingeleigde kossoorte lewe. Hierdie voedsel het baie minder voedingswaarde as die voedsel wat hulle self kon produseer, gehad. 'n Besonder interessante feit wat in die rapport aangedui is, was dat daar in sommige huise een - of twee keer per week 'n groot hoeveelheid mieliepap gekook was, en dan in 'n groot skottel in die huis gelaat is. Wanneer kinders enige tyd van die dag honger gevoel het, kon hulle slegs 'n stuk van die pap nuttig. Hierdie kinders het dus nooit die voorreg gehad om behoorlik aan tafel te sit en 'n maaltyd te nuttig nie. (1)

B. Die Voedingstoestand van Skoolkinders.

Tot dusver het alle ondersoekwerk 'n wye veld gedek, naamlik 'n ondersoek na die voedingstoestand van die blanke bevolking in Transvaal. Die toestand waarin sommige blankes hulle bevind het, was ongetwyfeld uiters swak. Aangesien 'n groot gedeelte van die blanke bevolking gebrek gehad het, kan

(1) Report of Transvaal Indigency Commission, 1906 - 1908, 61. (Geen definitiewe syfers word genoem nie.)

ons met sekerheid aanneem dat die kinders ook, gedurende die periode 1900 tot 1914, gebrek aan voedsel ondervind het.

Vanaf 1914 het die mediese inspekteur van skole jaarliks 'n groot gedeelte van die Transvaalse skoolkinders ondersoek. Die kinders is onder andere ook deeglik ondersoek om hulle voedingstoestand te bepaal. In hierdie jaar het die toenmalige geneeskundige inspekteur van skole, dr. C. L. Leipoldt, die volgende bevind nadat hy 2451 Transvaalse skoolkinders, in 'n paar gebiede, ondersoek het: (1) Aan die Rand is 1370 kinders ondersoek, en uit hierdie groep was 506 uitstekend gevoed, 721 redelik, 132 swak en 11 was baie swak gevoed. Hy het 10.4 persent van die kinders wat ondersoek is, as ondervoed verklaar. In die Pretoria-distrik is slegs 4.5 persent as onder- of wan-gevoed aangetref. In Baberton en distrik was die persentasie ondervoedes besonder laag naamlik, 1.2 persent. Gedurende 1914 het die geneeskundige inspekteur van skole dus 'n totaal van 5.4 persent as ondervoed aangetref.

In dieselfde verslag meld die geneeskundige inspekteur dat die oorsake van ondervoeding by die 143 swak en baie swak gevalle van ondervoeding aan die volgende faktore toegeskryf kan word: (2)

- (a) Ondervoeding ten gevolge van onvoldoende voedsel 28.
- (b) Ondervoeding ten gevolge van verkeerde voedsel 24.

(1) Geneeskundige Inspekteur van Skole, Verslag van, 1914, 28.

(2) Ibid., 28.

- (c) Ondervoeding ten gevolge van slegte voedselopname as gevolg van slegte tande en ingewandsteurnisse 54.
- (d) Oorwerk 5.
- (e) Vermoeidheid as gevolg van gebrek aan voldoende slaap 18.
- (f) Chroniese siektes 8.
- (g) Akute siektes 4.
- (h) Vergiftiging (Tabak) 2.

Dit wil nou voorkom asof die rapport van die geneeskundige inspekteur van skole in Transvaal aansienlik verskil van bevindinge deur vorige kommissies van ondersoek na voeding soos byvoorbeeld, die Quin-verslag. Alhoewel die Quinn-kommissie geen syfers aangee nie, het hulle die swak voedingstoestand baie erger geskilder as die geneeskundige inspekteur. Die rede vir hierdie verskil in resultaat kan moontlik in die volgende opgesluit lê: (1)

Die Quin -kommissie se ondersoek was meer uitgebreid, met ander woorde, hulle het die hele blanke bevolking ondersoek, en die geneeskundige inspekteur het moontlik nie die swakste streke se kinders ondersoek nie.

Uit die gegewens (Quinverslag) tot ons beskikking - en dié is maar gering - kan ons aflei dat ondervoeding in 1914 nie 'n groot omvang by Transvaalse skole gehad het nie. Onder behoeftige kinders was die persentasie egter baie hoog.

II. HULP AAN BEHOEFTIGE LEERLINGE.

A. Die 2½-4-penniemaaltyd.

In 1915 het die geneeskundige inspekteur weer

(1) Murray, W.A., Health Factors, 45.

6463 (1) skoolkinders in Transvaalse skole ondersoek. Onder hierdie groep kinders was 8.9 persent onder- of wangevoed. Die geneeskundige inspekteur het weer eens daarop gewys dat 'n groot aantal van hierdie onder- of wangevoede kinders nie ondervoed is as gevolg van gebrek aan voedsel nie, maar dat baie ander faktore soos oorwerktheid, slaaploosheid, swak spysvertering, spanning, ensovoorts verantwoordelik is vir ondervoeding. Wanneer laasgenoemde faktore buite rekening gelaat word, was daar slegs 2.7 persent van die 6463 kinders ondervoed as gevolg van gebrek aan voedsel. (2)

In dieselfde rapport maak die mediese inspekteur daarvan melding dat die lae persentasie ondervoede kinders baie misleidend is aangesien daar 'n groot hoeveelheid kinders was wat nie ondersoek is nie en wat wel aan onder- of wanvoeding ly. (3) Hy het dan ook aanbeveel dat alle kinders in Transvaalse skole gedurende skoolure voeding moes ontvang. Die kinders wat dit kon bekostig, moes daarvoor betaal, terwyl minder goeie kinders skoolvoeding gratis moes ontvang. Daar was egter talryke probleme soos gebrek aan geboue, ontoereikende uitrusting en onopgeleide personeel wat te bowe gekom moes word alvorens skoolvoeding kon plaasvind.

Die Departement van Onderwys het op hierdie aanbeveling van die geneeskundige inspekteur gereageer en besluit om 'n bedrag wat wissel van 2½ pennie tot 4 pennies per leerling per dag aan die skole in die

(1) Medical Inspector of Schools, Report of the, 1915, 6.

(2) Ibid., 47.

(3) Ibid., 48.

skoolraadsgebied van die Witwatersrand beskikbaar te stel, om 'n aanvullende skoolmaaltyd slegs aan behoeftige kinders te verskaf. (1) Hierdie toelaag is egter net gedurende die wintermaande aan skole verskaf. Slegs kinders wat deur die geneeskundige inspekteur as onder- of wangevoed verklaar is, kon van die toelaag gebruik maak.

Skole kon ook aansoek doen om 'n skoolvoedings-toelaag vir die wintervakansie, mits die Departement van Onderwys die reëlins vir die verspreiding en voorbereiding van voedsel gedurende vakansies goedgekeur het.

Hierdie aanvullende skoolmaaltyd het hoofsaaklik bestaan uit sop, brood en in sommige gevalle vrugte. Die maaltye moes in geboue wat in die omgewing van die skool beskikbaar was, aan kinders verskaf word. Hierdie skema was egter nie baie geslaagd nie, aangesien niemand gevind kon word om die voedsel voor te berei nie, en omdat die uitrusting ontoereikend was. Verder moes die toelaag ook gebruik word om ander uitgawes soos brandstof en betaling van bediendes te bestry. (2)

Aan die einde van 1915 het die geneeskundige inspekteur voorgestel dat 'n bedrag van ses pennies per behoeftige leerling per dag aan die hoof van die skool beskikbaar gestel word, waaruit alle koste bestry kon word. Hy was van mening dat die $2\frac{1}{2}$ pennie - tot vierpennietoelaag nie voldoende was vir die aankoop van voedsel sowel as die delging van administratiewe koste wat verbonde is aan skoolvoeding nie. Die Departement van Onderwys wou egter nie aan hierdie aanbeveling

(1) Medical Inspector of Schools, Report of the, 1915, 48.

(2) Ibid., 48.

gehoor gee nie. (1)

In die loop van 1916 het die geneeskundige inspekteur van skole in Transvaal 12,650 kinders ondersoek. Uit hierdie groep was 278 of 2.5 persent baie swak gevoed. Die geneeskundige was van mening dat dit omtrent die helfte van die totale persentasie uitmaak. (2)

In dieselfde jaar (3) is daar twee komitees in die lewe geroep om die voedingsaangeleenthede aan die Witwatersrand en te Pretoria te reël. Die Raad van Toesig is aan die Witwatersrand en die Komitee van Toesig te Pretoria, saangestel. Hierdie twee liggame sou verantwoordelik wees vir die toesig oor skoolvoeding in die betrokke gebiede. Hulle moes ook behoeftige leerlinge as sodanig verklaar. Dit moes natuurlik in samewerking met die hoof van die skool geskied.

Gedurende 1917 (4) het skoolvoeding onveranderd gebly. Skole waar ondervoeding baie voorgekom het soos aan die Witwatersrand en op Pretoria, het voorkeur geniet by die betaling van die $2\frac{1}{2}$ pennie tot 4 pennies per maaltyd per kind. Die Rand-Sentraal-Komitee vir Kindersorg het 'n bedrag van £300 ingesamel om voedingsuitrusting vir die verskillende voedingsentra aan die Rand aan te koop. Gedurende die wintermaande het die Raad van Toesig die voedingskema uitgebrei en ses nuwe sentra gestig.

(1) Medical Inspector of Schools, Report of the, 1915, 49.

(2) Mediese Inspeksie van Scholen, Verslag van, 1916, 32.

(3) Mediese Inspeksie van Skole, Verslag, 1916, 32.

(4) Mediese Inspeksie van Skole, Verslag, 1917, 27.

Vanaf Maart tot September het die Raad 20,000 maaltye aan kinders aan die Witwatersrand verskaf.

Die skoolvoedingskema het in die jare 1918 en 1919 nog verder uitgebrei en is gaandeweg uitgebrei die platteland. Daar was egter nog volop haakplekke in verband met skoolvoeding. Die grootste besware wat teen skoolvoeding geopper is, was die gebrek aan ruimte, personeel en uitrusting, en op die platteland was baie moeilikheid ondervind met die vervoer van produkte soos vrugte, wat vir skoolvoeding aangekoop is. (1)

Volgens statistieke het dit aan die einde van 1920 geblyk dat die Departement van Onderwys groot bedrae betaal het om ondervoede leerlinge gedurende die wintermaande van aanvullende voedsel in skole te voorsien. Die volgende bedrae is in enkele skole aan skoolvoeding bestee: (2)

Pretoria-Distrikskole: 23,265 maaltye teen 'n bedrag van £290. 16. 6. Die organisasie ten opsigte van skoolvoeding is in al hierdie skole deur die skoolhoofde waargeneem.

Rand-Sentraalskole: 35,550 maaltye teen £444. 7. 6.

Die organisasie is waargeneem deur die Rand-Sentraal-Kindersorg-Komitee.

Wes-Rand-Distrikskole: 5,798 maaltye teen £72. 9. 6.

Organisasie deur skoolhoofde waargeneem.

Oos-Rand-Distrikskole: 16,452 maaltye teen 'n koste van £206. 13. 0. Die organisasie is ook deur skoolhoofde waargeneem.

Buite Distrikte: Bethal, Standerton en Hendrina.

(1) Verslag, Departement van Onderwys 1920, 74.

(2) Mediese Inspeksie van Skole, Verslag, 1920, 20.

In hierdie skole is die organisasie waargeneem deur die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie. Op Bloemhof, Potchefstroom-Gimnasium, Potchefstroom-Noord, Potchefstroom-Suid is skoolvoeding verskaf en die organisasie was waargeneem deur die plaaslike Kinderwelvaartvereniging. Op Ermelo, Zuurfontein, Waterval Boven en Messina het die skoolhoofde die organisasie waargeneem. Die maaltye wat in hierdie distrikte aan leerlinge verskaf is, het 'n totaal van 52,455 beloop en het die Departement van Onderwys 'n bedrag van £565.5.2. gekos.

Die Yeovilleskool in Johannesburg het in hierdie jaar op eie inisiatief voeding aan ondervoede skoolkinders verskaf. In hierdie geval is geen vergoeding van die Departement van Onderwys gevra nie.

Dit was ook in hierdie jaar dat die ouers van skoolkinders begin kla het omdat die Departement van Onderwys nie aan alle leerlinge wat „honger ly” skoolvoeding wou verskaf nie. Hulle het hulle soos volg daaroor uitgelaat: (1) „Waarom volg julle nie die beleid wat in ander lande gevolg word, waar elke ondervoede kind 'n middagmaal op skool kry nie?” Hierdie mense het aangevoer dat die toelaag van 2½ pennie tot 4 pennies per dag per kind heeltemal onvoldoende is; dat dit onsin is om kinders slegs gedurende wintermaande by skole te voed; dat dertig persent van die kinders wat werklik skoolvoeding nodig het, dit nie ontvang nie.

Op al hierdie klagtes wat deur die ouers aangevoer is, het die mediese inspekteur van skole soos

(1) Geneeskundige Inspeksie van Skole, Verslag, 1920, 21.

volg geantwoord: (1)

1. Dat die ouer se plig is om die kind self te voed. Alleen die verregaandste armoede van die kant van die ouer kan die verpligtinge van hom op die Staat of Publiek afskuiwe. Dit is dus baie duidelik dat slegs die allerarmste kinders hulp van die Departement van Onderwys kan vra. Verder gaan die geneeskundige inspekteur voort deur te verduidelik dat alleen kinders wat ondervoed is, as gevolg van gebrek aan voedsel, deur die Departement van Onderwys gevoed kan word. Die oorsaak van ondervoeding moet eers bepaal word aangesien ander oorsake soos luise, te min slaap, baie werk en talle ander siektes, ook ondervoeding kan veroorsaak.

2. Waarom slegs voeding gedurende wintermaande? Die geneeskundige inspekteur het bevind dat die persentasie ondervoede skoolkinders gedurende die winter styg en daarom word skoolvoeding slegs in die winter verskaf. Hy beveel egter aan dat, wanneer die uitrusting voldoende is, skoolmaaltye ook gedurende die somer verskaf moet word.

3. Waarom die $2\frac{1}{2}$ - 4 pennie maaltyd?

Tydens sy ondersoek het hy bevind dat die ondervoede skoolkinders 'n hoeveelheid voedsel kortkom wat noodsaaklik is vir die aktiwiteite van die skoolkind. Hierdie voedsel wat ontbreek, kan voldoende aangevul word met $2\frac{1}{2}$ - 4 pennies per dag per kind.

Gedurende 1920 het die Departement van Onderwys 'n bedrag van £1578 bestee om 133,520 maaltye aan skoolkinders te verskaf. (2)

(1) Geneeskundige Inspeksie, Verslag, 1920, 22.

(2) Departement van Onderwys, Verslag, 1920, 40.

Skoolvoeding in Transvaalse skole het tussen die jare 1921 en 1929 onveranderd gebly. Die Departement het nog steeds volgehou met die toelaag wat tussen $2\frac{1}{2}$ en 4 pennies gewissel het. Die toelaag was ook nie elke jaar aan dieselfde skole toegestaan nie. Dit was die beleid van die Onderwysowerheid om die toelaag vir skoolvoeding hoofsaaklik aan skole toe te staan waar ondervoeding die meeste voorgekom het. Verder was skoolmaaltye slegs gedurende die wintermaande verskaf.

Die volgende tabel (1) gee 'n goeie weergawe van die persentasie ondervoede skoolkinders in Transvaal tussen die jare 1921 - 1929.

<u>Jaar.</u>	<u>Aantal kinders ondersoek</u>	<u>% Ondervoed.</u>
1921	643	3.0
1922	16026	5.6
1923	13375	6.3
1925	11800	5.7
1927	17366	4.2
1928	19346	5.9
1929	17919	4.2

Uit bostaande gegewens is dit opvallend dat daar 'n gedurige verandering is in die persentasie ondervoede kinders. Die vraag ontstaan dan:- waarom was daar in 1921 slegs 3% ondervoede skoolkinders en in die volgende jaar was daar 'n styging van 2.6% sonder dat daar enige noemenswaardige veranderinge gekom het ten opsigte van voedselproduksie, klimaatstoestande of ekonomiese toestande? 'n Verklaring hiervoor kan moontlik gesoek word in die tyd van die jaar wat die kinders ondersoek is.

(1) Departement van Onderwys, Verslag, 1921-1929.

Die geneeskundige inspekteur het in 1920 verklaar dat ondervoeding in 'n groter mate gedurende die winter by kinders aangetref word as gedurende die somer. Dit kon gebeur het dat die mediese inspekteur gedurende die winter van 1922 kinders ondersoek het wat minder gegoed was, en gevolglik was die persentasie ondervoede gevalle hoog, omdat ondervoeding veral hierdie kinders gedurende die wintermaande swaarder getref het. Die vorige jaar, (1921) toe die persentasie gevalle van ondervoeding slegs 3% was, het die geneeskundige inspekteur moontlik 'n groot gedeelte van die arm kinders gedurende die somer ondersoek, toe ondervoeding in 'n mindere mate aangetref is.

In 1928 het 'n kommissie van ondersoek na die armblankevraagstuk 'n verdere ondersoek ingestel na die voedingstoestande van die armer gedeelte van die blanke bevolking van Suid-Afrika. Ook in Transvaal is die kinders van skoolgaande ouderdom noukeurig ondersoek.⁽¹⁾ Tydens hierdie ondersoek is 901 arm kinders in die Transvaal ondersoek.

Dit is bevind dat daar in die meeste gevalle voldoende voedsel was, maar daar was gebrek aan verskeidenheid en gebalanseerde dieet. In gevalle waar daar werklik voedselnood was, het die daaglikse spyskaart soos volg daaruitgesien:- (2)

- (a) Oggendete: Droë brood en swart koffie met suiker; óf pap met swart koffie.
- (b) Middagete: Droë brood en patats of pampoen of mielies.
- (c) Aandete: Droë, growwe brood, swart koffie; of swart koffie en pap.

(1) Murray, W.A., Health Factors, 23.

(2) Ibid., 25.

Hierdie voedselsoorte, wat op die daaglikse spyskaart van die kinders voorgekom het, is deeglik ontleed deur die kommissie van ondersoek om sodoende die voedingswaarde daarvan te bepaal. Dit is bevind dat die totale voedingswaarde van die voedsel sowat 1700 kalorieë energie bevat het. (1) Die hoërskoolkind het daagliks 3000 tot 3400 kalorieë energie nodig om normaal te ontwikkel. In hierdie uiterste gevalle van voedselgebrek moes kinders klaarkom met ongeveer die helfte van die vereiste hoeveelheid kalorieë.

Verdere gegewens uit die ondersoek het aan die lig gebring dat die grootste persentasie van die behoefte kinders ondervoed was. (2) Daar was byvoorbeeld 35.1 persent wat daagliks tevrede moes wees met voedsel wat 1700 kalorieë energie verskaf het; 29.2 persent moes tevrede wees met 2200 kalorieë; 23.4 persent het 2900 kalorieë ontvang en slegs 12.3 persent het 3500 en meer kalorieë ontvang. (3)

Uit hierdie gegewens is dit dus duidelik dat daar 64.3 persent arm kinders was wat ondervoed was, terwyl 23.4 persent net minder as die vereiste hoeveelheid voedsel ontvang het en slegs 12.3 persent het voldoende voedsel ontvang.

In sommige gebiede, soos die delweryskole in Lichtenburgdistrik, het ernstige gevalle van ondervoeding ontstaan. Hier op die delwerie was die woongerieue uiters swak en soms onhigiënies, voedsel was skaars en soms van 'n baie swak gehalte, en die kinders

(1) Murray, W.A., Health Factors, 24.

(2) Ibid., 23.

(3) Ibid., 25.

moes noodwendig gebrek aan voedsel ondervind. Die Departement van Mynwese (1) het in 1931 'n bedrag van £500 (jaarliks) beskikbaar gestel om aan die kinders op die delweryskole skoolmaaltye te verskaf. Hierdie bedrag plus die toelaag van die Departement van Onderwys het hierdie kinders aansienlik deur die wintermaande gehelp. Gedurende die twee winterkwartale het 914 kinders op die delweryskool van hierdie skema gebruik gemaak.

Benewens die liggaamlike voordeel wat die leerlinge uit hierdie skoolmaaltye, wat bestaan het uit sop, brood en vrugte, ontvang het, het die skoolbesoek ook in hierdie jaar gestyg van 92% tot 95%.

Gedurende 1931 is 13,868 skoolkinders ondersoek en 6.8% was ondervoed. (2)

In 'n opname wat in 1932 (3) gemaak is, is daar 5.3% uit 'n totaal van 12,900 skoolkinders as ondervoed verklaar. In sommige gebiede soos in die Pretoria-distrik was die persentasie ondervoeding baie hoog. In hierdie distrik, in die skool Sjambokskraal, is 26 uit die 42 kinders as ondervoed gesertifiseer. In ander streke soos Ventersdorp en distrik, kon die geneeskundige in 1932 geen gevalle van ondervoeding vind nie. (4)

In die jaar 1933 (5) moes die Transvaalse bevolking baie moeilike omstandighede beleef as gevolg van die droogte. Dit was dan hoofsaaklik hieraan

(1) Dept. van Onderwys, Verslag, 1931, 71.

(2) Ibid., 71.

(3) Dept. van Onderwys, Verslag, 1932, 177.

(4) Ibid., 129.

(5) Departement van Onderwys, Verslag, 1933, 73 en 171.

toe te skrywe dat die verskynsel van ondervoeding, 'n verskuiwing na die plattelandse boeregemeenskap, aangetoon het. Tot dusver was die meeste gevalle van ondervoeding op die Witwatersrand en Pretoria en op enkele plase op die platteland aangetref. Met die koms van die droogte was daar dan noodwendig op sommige plase op die platteland ernstige gebrek aan voedsel. Gedurende 1933 het die geneeskundige inspekteur 3160 plattelandse kinders ondersoek en bevind dat 11.1% van hulle ondervoed was. Uit 'n totaal van 5860 dorps- en stadskinders was 7.1% ondervoed.

B. Die Melk- en Botterskema.

In 1935 het 'n oorproduksie in die suiwelnywerheid ontstaan en as gevolg hiervan het die Raad van Toesig op suiwelnywerheid aan die Departement van Onderwys voorgestel dat suiwelprodukte; teen 'n verminderde tarief, aan skole beskikbaar gestel kon word.(1) Die skole kon self besluit of hulle daaraan wou deelneem of nie. 'n Bedrag van £37000 is toe beskikbaar gestel om die staatsondersteunde melk- en botterskema te loods. (2) Aan die einde van 1935 het 26 persent van die Transvaalse skole aan die melkvoedingskema deelgeneem. Aan skole wat baie verafgeleë was, het die suiwelraad slegs kaas gestuur. (3) Die ouers is gevra om 'n vrywillige bydrae te stuur om die koste verbonde aan die melkskema te help bestry. (Ons moet onthou dat die Staatsondersteunde Melkskema nie die skoolvoedingstelsel wat in swang was, vervang het nie maar dit is daar bygevoeg. Skole kon egter

(1) Regulasies vir die verskaffing van melk onder die Staatsondersteunde Melk- en Botterskema, 1935, 1.

(2) Departement van Onderwys, Verslag, 1935, 35.

(3) Ibid., 194.

nie 'n groter toelaag kry om die ekstra koste, verbonde aan die melkskema, te dek nie.) Ouers kon een- of twee-sjielings per week bydra as hulle daartoe in staat was. Behoeftige kinders het die melk gratis ontvang.(1)

Feitlik al die skole wat van skoolvoeding gebruik gemaak het, het ook van die Staatsondersteunde Melk- en Botterskema gebruik gemaak. Hierdie skema was tot in 1940 in werking. Die verbruik van suiwelprodukte vir die jare 1936 en 1940 was soos volg: (2)

Jaar	Melk (gel.)	Kaas (lb.)	Botter (lb.)	Uitgawe.
1936	474,436	220,540	190,700	£37,586
1940	1,844,000	1,200,000	4,200,000	£298,861

III. HULP AAN ALLE ONDERVOEDE SKOOLKINDERS.

A. Wintervoeding.

Tot aan die einde van 1936 het die Departement van Onderwys 'n toelaag wat wissel van $2\frac{1}{2}$ tot 4 pennies per kind per maaltyd, aan skole betaal. Die skole was egter verplig om slegs gedurende die wintermaande skoolvoeding te verskaf, en daarbenewens het slegs ondervoede en behoeftige kinders voeding ontvang.

Skole wat van skoolvoeding gebruik gemaak het, kon ook vanaf 1935 van die Melk- en Botterskema gebruik maak.

Die Onderwysdepartement het ook verdere beperkings opgelê, naamlik slegs gebiede waar ondervoeding die ergste voorgekom het, kon van skoolvoeding gebruik maak.

Aan die begin van 1937 (3) het die Onderwysdepartement egter sommige beperkings opgehef deur 'n

(1) Regulasies vir die verskaffing van melk onder die Staatsondersteunde Melk- en Botterskema, 1935, Dept. van Volkswelsyn, 1.

(2) Kommissie van Onderzoek na Skoolvoeding, Verslag, 1951, 29.

(3) Departementele Omsendbrief no. 8, 1937, 166.

toelaag van sespennies per week per kind te betaal aan alle ondervoede en behoeftige leerlinge. Alle leerlinge wat van die toelaag gebruik wou maak, moes as behoeftig of ondervoed verklaar word. As maatstaf vir die vasstelling van die noodsaaklikheid om 'n leerling te laat kwalifiseer vir die toelaag van die Departement van Onderwys, moes hoofde van skole en die geneeskundige inspekteur die volgende in aanmerking neem het:-

- (a) Waar die moeder 'n onbemiddelde weduwee was.
- (b) Waar die ouer weens liggaamlike gebrek nie instaat was om te werk nie.
- (c) Waar die gesin volslae behoeftig was.

Die toelaag van $1\frac{1}{5}$ -pennie per kind per maaltyd was baie minder as die toelaag van $2\frac{1}{2}$ pennies tot 4 pennies per kind per maaltyd, maar dit was voordeliger aangesien alle skole wat behoeftige leerlinge gehad het, daarvoor aansoek kon doen.

Op 3 Maart 1937 is 'n onderwyskommissie (1) benoem om verskillende aangeleenthede in verband met die onderwysstelsel te ondersoek. Een van die aspekte wat op die program van ondersoek geplaas is, was skoolvoeding. Waar die kommissie ondervoeding aangetref het, het hulle dit toegeskryf aan die volgende faktore:(2)

- (a) Die gebruik van verkeerde voedselsoorte.
- (b) Totale gebrek aan voedsel.
- (c) Die lang periodes wat kinders van die huis af weg was as gevolg van die afstande tussen huis en skool.

Die kommissie het aanbeveel dat skoolvoeding uitgebrei moes word.

(1) Onderwyskommissie 1937, Verslag van, 185.

(2) Ibid., 185.

Hulle het voorgestel dat 'n middagmaal aan leerlinge verskaf moes word aangesien dit nie alleen 'n liggaamlike voordeel sou inhou nie, maar dat dit ook van baie groot sosiale waarde sou wees. Die kommissie het verder aanbeveel dat skoolvoeding uitsluitlik 'n funksie van die Departement van Onderwys moes word en so-doende alle plaaslike komitees uitskakel. Verder is aanbeveel dat die Unie-regering genader moes word om die aangeleentheid te subsidieer.

Die aanbevelinge van die kommissie moes egter nog etlike jare agterweë bly, aangesien dit verder ondersoek moes word.

In 1938 (1) het die Departement van Onderwys 'n bedrag van £9,000 bestee aan skoolvoeding. Die aantal skole wat aansoek gedoen het vir die ses-pennietoelaag het aansienlik vermeerder, en gevolglik was die bedrag van £9,000 met £3,000 oortrek aan die einde van die jaar.

B. Voeding dwarsdeur die jaar.

In 1939 het die Departement van Onderwys voorsiening gemaak vir 'n bedrag van £18,000 vir skoolvoeding. Vanaf 1939 kon alle behoeftige en ondervoede skoolkinders deur die jaar van skoolvoeding gebruik maak. (2) In baie ernstige gevalle van ondervoeding kon skole aansoek doen om 'n voedingstoelaag vir skoolvakansies. So 'n toelaag kon slegs toegestaan word mits die hoof voldoende reëlings kon tref vir die voorbereiding en verspreiding van die voedsel gedurende skoolvakansies. Die maaltye het nog steeds bestaan

(1) Departement van Onderwys, Verslag, 1938, 35.

(2) Ibid., 35.

uit sop, bruin brood en vrugte.

Gedurende hierdie jaar het behoeftige en onder-voede skoolkinders in Transvaal die volgende produkte van die Suiwelraad ontvang: (1)

(i) Melk: 29,687 gelling teen £1,540.

(ii) Kaas: 48,240 pond teen £2,135.

'n Paar skole was nog baie traag om skoolvoeding te verskaf omdat hulle dit as onnodige beskou het. Die Departement het egter daarop aangedring dat alle skole waar ondervoeding aangetref is, van skoolvoeding gebruik moes maak. Aan die einde van 1939 het die Departement van Onderwys gevind dat vakansievoeding, van skoolkinders onder die skoolvoedingskema ondoeltreffend was en het gevolglik die vakansietoelaag vir skoolvoeding gestaak. (2)

Skoolvoeding het in 1940 'n groter omvang aangeneem aangesien meer skole daarvan gebruik gemaak het. Die vorige jaar se bedrag wat aan skoolvoeding bestee is, het feitlik verdubbel en £35,000 is aan skoolvoeding bestee. (3)

C. Die Rosyntjie-skema.

Weens oorproduksie en 'n swak buitelandse mark is die „Rosyntjieskema" in 1940 in die lewe geroep. Die regering het in hierdie jaar besluit om die binne-landse verbruik van rosyntjies te subsidiëer in plaas van dit uit te voer. (4)

(1) Departement van Onderwys, Verslag, 1938, 35.

(2) Departement van Onderwys, Verslag, 1939, 100.

(3) Departement van Onderwys, Verslag, 1940, 26.

(4) Algemene Omsendbrief no. 8, 1940, 1.

Die Departement van Onderwys het skole derhalwe aangespoor om van hierdie skema gebruik te maak vir skoolvoeding. Skole moes egter die rosyntjies betaal uit die toelaag wat die Departement van Onderwys verskaf het - dit het dus 'n deel van skoolvoeding uitgemaak.

Gedurende 1940 het Transvaalse skole 205,525 pond rosyntjies aangekoop ter waarde van £856. 7. 1.(1)

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Sitrusraad, weens gebrek aan skeepsruimte, met groot hoeveelhede sitrusvrugte opgeskeep gesit. In 1941 (2) het die Sitrusraad met die Transvaalse Onderwysdepartement onderhandel en daar is besluit om lemoene teen sespennies per sakkie aan skole te verskaf. Weens misbruike (mense, wat nie op goedkoop lemoene geregtig was nie, het dit in die hande gekry) en die stadige vervoer, was die skole nie so 'n groot afsetgebied as wat aanvanklik vermoed is nie. In 1941 is daar egter 49,000 sakkies lemoene aan skole verkoop. Hierdie skema is op 1 Maart 1945 gestaak. (3)

D. Die 1942 Skoolvoedingskema.

Op 1 Oktober 1942 (4) het die Departement van Onderwys die voedingstoelaag van sespennies per kind per week verhoog. Al die ander reëlins in verband met skoolvoeding het onveranderd gebly naamlik, slegs behoeftige en ondervoede leerlinge kon gratis voedsel

(1) Departement van Onderwys, Verslag, 1940, 28.

(2) Algemene Omsendbrief no. 2, 1941.

(3) Departement van Onderwys, Verslag, 1940, 30.

(4) Algemene Omsendbrief no. 16, 1942.

ontvang. Die hoof en personeel was, soos voorheen, verantwoordelik vir die aankoop en verspreiding van voedsel. Die toelaag was soos volg verhoog:- (1)

AANTAL KINDERS	TOELAAG PER DAG.
1	2 . 4 pennie
5	12 pennies
10	24 "
25	4/6
30	5/4
40	7/-
50	8/8
96 - 100	14/10
146 - 150	18/1
201 - 205	20/6

Vir elke 5 addisionele kinders kon 'n verdere ses pennies per dag aangevra word.

Hierdie skema het nog in dieselfde jaar in werking getree. (2)

IV. DIE NASIONALE VOEDINGSKEMA.

A. Departement van Volkswelsyn.

(i) Algemeen.

Op 24 Februarie 1943 het die toenmalige minister van finansies, nr. J.H. Hofmeyer, in sy begrotingsrede aangekondig dat die regering minstens een maaltyd per dag aan alle laerskoolleerlinge, ongeag voedingstoestand van die kind, die tyd van die jaar, kleur of ras, wou verskaf. Hy het dit in die vooruitsig gestel dat die Unie-regering twee-derdes van

(1) Algemene Omsendbrief no. 16, 1942, 2.

(2) Departement van Onderwys, Verslag, 1942, 81.

(3) Kommissie van Onderzoek na Skoolvoeding, 1951, paragraaf 81.

die koste in verband met die nasionale voedingskema sou dra. Die regering het ook onderneem om 50% van die koste in verband met die aanskaffing van voedingsuitrusting by te dra. Vir die res, naamlik een-derde van die koste verbonde aan die skoolmaaltye en vyftig persent van die koste in verband met uitrusting, moes deur die provinsies betaal word.

Die minister het vir hierdie skema 'n bedrag van £200,000 in die pos Volkswelsyn voorsien. Hy kon nie 'n aanduiding gee van wat die skema sou kos nie maar het bereken dat dit nie minder as een miljoen pond sou wees nie.

Die nasionale voedingskema is skielik geloods en wel onder die Departement van Volkswelsyn wat niks met die skole te doen gehad het nie. Verder is die skema in werking gestel sonder administratiewe voorbereiding en daar was geen wetgewing ingedien waarop hierdie skema gegrond was nie - alleenlik finansiële hulp is toegestaan. Dit is dus duidelik dat daar aan die begin heelwat verwarring was ten opsigte van die praktiese toepassing van die nasionale voedingskema.

Op 15 April 1943 (1) is 'n konferensie gehou om die administrasie van skoolvoeding deeglik uit te pluus. Dit het geskied onder voorsitterskap van die sekretaris van Volkswelsyn en verteenwoordigers van die verskillende provinsies. Die afgevaardigdes was van mening dat die skema geleidelik ingevoer moes word en dan geleidelik uit te brei. Hulle het gedink dat die ondervoede en behoeftige kinders

(1) Besluite aangaande skoolvoeding - Nasionale Voedingsraad April 1943, 2.

voorkeur moes kry om van die skema gebruik te maak en daarna, wanneer die skema beter georganiseer is, moes dit na alle skole uitgebrei word.

Tot die volgende konferensie op 18 Augustus 1943, (1) wat in Pretoria gehou is, was daar heelwat verwarring en tallose briewe is oor en weer geskryf deur die belanghebbende partye. Dit is op die Pretoriase konferensie besluit dat die nasionale voedingskema deur elke provinsie ge-administreer moes word. Die boekhouding moes ook deur die provinsiale owerheid waargeneem word en 'n enkele rekening moes dan aan die Departement van Volkswelsyn gestuur word. Die uitvoering van hierdie besluit het egter vir meer as 'n jaar agterweë gebly, aangesien die Departement van Volkswelsyn die nasionale voedingskema nog ge-administreer het tot in April 1945.

So het die nasionale voedingskema dan aan die begin van die vierde kwartaal 1943, in werking getree, dog slegs Transvaal en Natal het daardie jaar daarvan gebruik gemaak. (2)

(ii) Die Nasionale Voedingskema in Transvaal.

Die nasionale voedingskema, soos dit in Transvaal toegepas is, het soos volg daar uitgesien : (3) Die nasionale voedingskema het op 12 Oktober 1943 in werking getree. Alle leerlinge in die Transvaalse laerskole kon van die skema gebruik maak. Dit was aan elke skool oorgelaat om te besluit of al die leerlinge, sommige of nie een van die leerlinge nie aan

(1) Besluite aangaande skoolvoeding - Nasionale Voedingsraad April 1943, 2.

(2) Kommissie van Onderzoek na Skoolvoeding, 1951, 33.

(3) Algemene Omsendbrief no. 9, 1943, paragraaf 5.

die skema sou deelneem.

Elke skool wat van hierdie nuwe skema gebruik gemaak het, moes 'n voedingskomitee saamstel. Die voedingskomitee het bestaan uit die hoof van die skool, 'n lid van die skoolkommissie en indien nodig, van die ouers. Waar 'n goedgekeurde koshuis aan die skool verbonde was, kon die koshuiskomitee ook as voedingskomitee gedien het.

Daar was twee soorte maaltye waarvan skoolkinders gebruik kon maak, naamlik 'n aanvullende maaltyd wat slegs die maaltye tuis aangevul het, en 'n volle maaltyd wat een van die maaltye tuis vervang het. Die aanvullende maaltyd het sommige van die volgende voedselsoorte ingesluit, naamlik: sop, melk, brood, botter, kaas, vrugte en rou groente. Die volle maaltyd het uit die volgende bestaan:- sop, vleis, gaar groente en vrugte. (1)

Die toelae vir die bogenoemde twee maaltye was onderskeidelik driepennies en sespennies per leerling per dag.

Skole wat van die volle maaltyd gebruik gemaak het, moes oor die nodige toerusting en ruimte beskik voordat die Departement dit toegestaan het. (2)

Die hoof kon self besluit watter leerlinge in die skool voeding sou ontvang, maar hy kon geen kind wat onder vorige voedingskemas voeding ontvang het, uitlaat nie. (3)

Die maaltye moes so vroeg as moontlik bedien word. Die Departement van Onderwys het voorgestel

(1) Algemene Omsendbrief nr. 9 van 1943, par. 6.

(2) Ibid., paragraaf 7.

(3) Ibid., paragraaf 8.

dat die maaltye tussen 10.0 vm. en 10.30 vm. aan kinders verskaf word. (1)

Leerlinge wat in koshuise ingewoon het, was slegs op die aanvullende maaltye geregtig aangesien hulle drie volledige maaltye by die koshuis ontvang het.

Skole was toegelaat om kaas en melk deur die staatsondersteunde melk- en kaasskema aan te koop. Melk en kaas was dus soos voorheen verskaf maar was as eerste las teen die toelaag vir die aanvullende of volle maaltyd aangeteken. (2)

Die Unie-regering het slegs die voedingskema gesubsidieer vir leerlinge tot en met standerd ses. Skole, wat leerlinge bo standerd ses gehad het, kon egter afsonderlik aansoek doen om 'n voedingstoelaag vir daardie leerlinge. Die provinsiale owerheid het dan uit eie fondse hierdie toelaag betaal. (3)

Skoolkinders het slegs gedurende die vier skoolkwartale skoolvoeding ontvang. In uitsonderlike gevalle, waar ondervoeding ernstig was, was skoolvoeding ook gedurende skoolvakansies aan leerlinge verskaf. Die fondse hiervoor was uitsluitlik deur die Departement van Onderwys voorsien. (4)

Aan die begin van elke kwartaal moes die voorsitter van die voedingskomitee 'n eis om 'n voorskot aan die skoolraad stuur. (5)

(1) Algemene Omsendbrief nr. 9 van 1943, par. 9.

(2) Ibid., 11.

(3) Ibid., 15.

(4) Ibid., 16.

(5) Ibid., 17.

Die skoolraad het dan hierdie eis aan die Departement van Onderwys voorgelê vir uitbetaling. Aan die begin van die volgende kwartaal, wanneer daardie kwartaal se eis deur die Departement van Onderwys ontvang is, het die Departement die vorige kwartaal se bedrag wat te min betaal was, saam met die nuwe kwartaal se eis aan die skoolraad gestuur.

Die Departement van Onderwys se mediese personeel het toesig gehou oor die soort voedsel wat aangekoop is en het ook toegesien dat die voedsel higiënies aan kinders verskaf is. Die Departement was van plan om later dieetkundiges aan te stel om verskillende spyskaarte vir skoolvoeding aan te beveel. (1)

Die Departement van Onderwys het ook 'n bedrag van tien sjielings per leerling beskikbaar gestel om die aanvangsuitrusting aan te koop. Na verloop van twee jaar kon skole aansoek doen om 'n bedrag van twee sjielings per leerling per jaar om gebreekte of verbruikte voorraad aan te vul. (2)

Elke skool het 'n voedingsregister aangehou waarin die name van al die leerlinge aangeteken is, wat aan die voedingskema deelgeneem het, sodat die Departement van Onderwys presies gewet het hoeveel leerlinge voeding ontvang het. (3)

Aan die einde van die vierde kwartaal van 1943 het 90 persent van die laerskole op die Witwatersrand van die nasionale voedingskema gebruik gemaak. (4)

(1) Algemene Omsendbrief nr. 9 van 1943, 19.

(2) Ibid., 20 en 21.

(3) Ibid., 22.

(4) Departement van Onderwys, Verslag, 1943, 53.

In die omgewing van Zeerust het al die skole, skoolvoeding verskaf en al die groot skole het die volle maaltyd aan kinders voorgesit. (1)

Op Heidelberg en omgewing het die skole weer voorkeur gegee aan die aanvullende maaltyd. Hierdie skole het die aanvullende maaltyd verkies omdat daar geen ruimte was nie. (2)

Die plattelandse skole het die voedingskema wat nou aan alle leerlinge verskaf is, baie verwelkom aangesien sommige leerlinge, as gevolg van stadige vervoer, lang ure van hulle huise weg was. (3)

Gedurende 1943 het skoolvoeding in Transvaal £40,000 gekos. (4)

Die nasionale voedingskema is deur feitlik alle skole in Transvaal verwelkom, en talle briewe is aan die Departement van Onderwys geskryf waarin die hoofde van skole hulle dank en waardering vir dié skema betuig het. (5)

B. Nasionale Voedingskema oorgedra aan Provinsies.

In Transvaalse skole was daar heelwat verwarring in verband met die administrasie van die nasionale skoolvoedingskema. As rede hiervoor kan moontlik aangevoer word dat die skema onder die Departement van Volkswelsyn gestaan het. Daar was geen verband tussen hierdie Departement en die Onderwysdepartement van Transvaal nie.

(1) Departement van Onderwys, Verslag, 1943, 65.

(2) Ibid., 90.

(3) Ibid., 65.

(4) Ibid., 10.

(5) Departementele Omsendbrief nr.4, 1944, 42.

Die minister van Volkswelsyn het gedurig briewe ontvang in verband met sake rakende die administrasie van skoolvoeding. Hy het telkens geantwoord dat sy Departement slegs die middele voorsien, maar nie verantwoordelik was vir die administrasie nie. (1)

Dit was eers op 1 April 1945 (2) dat die nasionale skoolvoedingstelsel oorgedra is aan die provinsies. Vanaf hierdie datum het die Departement van Onderwys in Transvaal die administrasie oorgeneem. Die nasionale voedingskema het onveranderd gebly tot op 27 Julie 1954, toe die huidige stelsel in werking getree het.

Die Huidige Skoolvoedingskema. +

Die huidige skoolvoedingskema het op 27 Julie 1954 in werking getree. Alle regulasies in verband met die vorige voedingskema is herroep en die nuwe skema het soos volg daaruitgesien:-

1. Organisasie.

Die sentrale beheer word uitgeoefen deur die Transvaalse Departement van Onderwys en vir elke skoolraadsdistrik is 'n skoolvoedingskomitee, wat bestaan uit skoolhoofde en lede van die skoolraad, aangestel. Daar is altesaam 19 skoolvoedingskomitees in Transvaal.

2. Deelname aan skoolvoeding.

Deelname aan skoolvoeding is vrywillig en dit berus by die skool of ouers om te besluit of die kinders van skoolvoeding gebruik moet maak of nie. Alle hoër- en laerskoolleerlinge kan deur die jaar voeding by die skool ontvang indien dit verkies word.

(1) Kommissie van Onderzoek na Skoolvoeding 1951, 88.

(2) Ibid., 89.

+ Sien Bylaag A.

3. Verantwoordelikheid en toesig by skole.

Skole reël self in verband met voorbereiding en verspreiding van voedsel. Gewoonlik word die vise-hoof of een van die seniorassistente met die organisasie van skoolvoeding belas.

Die voedsel word in klaskamers bedien waar onderwysers toesig hou en terselfdertyd goeie eetgewoontes en tafelmaniere aanmoedig.

Daar word 'n minimum van 10 minute per dag in die skool afgesonder vir voeding.

4. Toelaag.

Daar word slegs vierpennies per leerling per skooldag deur die Departement van Onderwys betaal.

V. SAMEVATTING.

Wan- of ondervoeding het alreeds sedert 1900 groot afmetings aangeneem. Dit was veral na die Anglo-Boereoorlog dat 'n gedeelte van die blanke bevolking gebrek aan voedsel gehad het aangesien al die besittings van die meeste boere vernietig is. Die enigste uitweg vir hierdie mense was om hulle toevlug na stede en dorpe te neem waar hulle as ongeskoolde arbeiders feitlik nie 'n bestaan kon maak nie.

Die swak ekonomiese toestand waarin hierdie mense verkeer het, het noodwendig meegebring dat skoolkinders in hulle skoolwerk nie normaal kon vorder as gevolg van wan- of ondervoeding. Tot 1914 was hierdie kinders slegs in uitsonderlike gevalle van voedsel voorsien deur liefdadigheidsorganisasies.

Verskeie kommissies van ondersoek in verband met die voedingstoestand van die blanke bevolking van Transvaal het bevind dat wan- of ondervoeding nie alleen toegeskryf moet word aan armoede en derhalwe gebrek aan voedsel nie, maar dat ander faktore soos

onkunde, siekte en vermoeidheid ook verantwoordelik was vir wan- of ondervoeding.

Op aanbeveling van die geneeskundige inspekteur van skole het die Onderwysdepartement van Transvaal in 1914 besluit om 'n voedingstoelaag gedurende die wintermaande te bewillig vir die voeding van onder- of wangevoede kinders. Hierdie toelaag is aangewend om die kind se daaglikse voedsel aan te vul en was onvoldoende om een van die maaltye wat hy tuis ontvang het te vervang.

Die Departement van Onderwys van Transvaal het met hierdie skoolvoedingskema aangehou tot in 1942 toe die toelaag effens verhoog is. In 1935 kon skole egter ook van die melk- en botterskema gebruik maak, waardeur suiwelprodukte teen 'n lae prys van die Suiwelraad aangekoop kon word.

Vanaf 1939 is skoolvoeding gedurende al die skoolkwartale aan kinders verskaf en in die volgende jaar is rosyntjies, teen 'n spesiale tarief, aan skole verkoop vir skoolvoeding.

Op 12 Oktober 1943 het die nasionale skoolvoedingskema in Transvaal in werking getree. Alle laer- en hoërskoolleerlinge kon aan hierdie skema deelneem, en die voedingstoelaag is deur die Departement van Onderwys verhoog na vierpennies per kind per dag vir die aanvullende maaltyd, en sespennies per kind per dag vir die volle maaltyd.

Hierdie skema was veral vir behoeftige en ondervoede skoolkinders van groot waarde, maar goeie gerigte kombuise, uitrusting en personeel vir voorbereiding van voedsel was in baie gevalle ontoereikend.

Op 27 Julie 1954 het die huidige skoolvoedingstelsel in werking getree.

Min veranderinge is aangebring, dog die voedingstoe-
laag is vir alle kinders op vierpennies per maaltyd
vasgestel.

Die ontwikkeling van skoolvoeding in Transvaal
was 'n baie stadige proses en waar dit in die begin-
jare (1914) uiters noodsaaklik was, wil dit nou voor-
kom asof die ekonomiese toestand van Transvaal so ge-
sond is dat skoolvoeding geen of baie min fisiese
voordele vir die kind inhou.